higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN –MANDATE
NKR VLAK 3

(8021013)

7 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

NOTA: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae deeglik deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Departement Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling is verantwoordelik vir die handhawing en funksionering van die howe in samewerking met onafhanklike regters, landdroste en aanklaers.

1.2 Die nasionale wetgewende gesag, wat by die parlement berus, verleen aan die Nasionale Vergadering die bevoegdheid om die Grondwet te wysig.

1.3 Verkeersbeamptes in Suid-Afrika het dieselfde bevoegdhede as lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

1.4 Die Onafhanklike Gevangenisbesoekers (OGB) ('Independent Prison Visitors (IPV)') is lede van die publiek wat seker maak dat aangehoudenes ingevolge die vereiste standaarde, reëls en regulasies van die Wet op Korrektiewe Dienste en die Handves van Regte aangehou word.

1.5 'n Mandaat is die gesag wat 'n persoon het om ander te verplig om aan 'n versoek te voldoen.

1.6 Die Witskrif oor Veiligheid en Sekuriteit sit 'n aantal prioriteite uiteen, en hieronder word die verbetering van dienslewering omskryf as die sleutel tot die transformasie van departemente.

1.7 Die staat het nie regte kragtens die Handves van Regte nie, maar het die bevoegdheid om regte te beperk of op te hef.

1.8 Operasionele dienste reageer proaktief nadat 'n lid van die publiek 'n misdaad aangemeld het of die eenheid self 'n misdaad ontbloot het.

1.9 Die Militêre Polisie Agentskap kan gedefinieer word as alle polisie-aktiwiteite wat verband hou met die waarneming van verkeersoortredings.

1.10 Verkeerspolisie het die bevoegdheid om misdaadondersoeke te doen en intelligensiestrukture te skep.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde te gebruik wat in die lys hier onder verskaf word. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.4.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

regulasies; beleidsdokument; gemeenskap; Witskrif; sektorpolisiëring; wetgewing; nasionale instruksies; sekretariaat; Groenskrif; regter; Onafhanklike Klagtedirektoraat; landdros

2.1 Die begrip van (2.1.1) .. vereis dat die (2.1.2) ... 'n aktiewe rol in die bekamping van misdaad moet speel. (2)

2.2 'n (2.2.1) ... is 'n langtermynstrategiedokument van 'n departement. 'n (2.2.2) ... is 'n departement se rigsnoer vir hulle aktiwiteite. (2.2.3) ... en (2.2.4) ... is voorbeelde van beleidsdokumente. (4)

2.3 Die (2.3.1) .. vir Veiligheid en Sekuriteit en die (2.3.2) ... is strukture wat onder die Departement Veiligheid en Sekuriteit val. (2)

2.4 'n (2.4.1) ... sit voor in 'n Hoë Hof en 'n (2.4.2) ... sit voor in 'n laer hof. (2)

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM A	
3.1	Interpol	A	SANW
3.2	Militêre Polisie Agentskap	B	die morele beginsels wat deur strafregsplegingsbeamptes in die uitvoering van hul pligte gevolg word
3.3	Staats- en parastatale instellings	C	staatsinstelling wat grondwetlike demokrasie ondersteun
3.4	Gesinshof	D	gewone strafhof ('criminal court')
3.5	Hoë Hof	E	adviseer die diens oor plaaslike polisiëringsprioriteite
3.6	Verhoorhowe	F	vrywilligers wat polisiefunksies en –aktiwiteite vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens sonder besoldiging verrig
3.7	Openbare Beskermer	G	semi-staatsinstelling of –struktuur verantwoordelik vir veiligheid en sekuriteit
3.8	Etiek	H	howe waar hofsake aanvanklik begin
3.9	GPF	I	buitengewone hof
3.10	Reservis	J	oogmerk van skakeloffisiere is om doeltreffende diens te lewer ten opsigte van internasionale misdaadverwante kwessies
		K	Hoogste Hof van Appèl

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Beskryf die rol van die voorsittende beampte tydens hofverrigtinge. (5)

4.2 Noem TWEE projekinisiatiewe deur 'BAC' om die staat in sy stryd teen misdaad te ondersteun. (2)

4.3 Beskryf wat artikel 205 van die Grondwet ten aansien van die SAPD bepaal. (6)

4.4 Noem TWEE gemeenskapgebaseerde instellings wat die SAPD ondersteun. (2)

4.5 Batho Pele is 'n staatsprogram vir dienslewering in die staatsdiens.

Noem VYF Batho Pele-beginsels. (5)

4.6 Definieer die begrip *sektorpolisiëring.* (2)

4.7 Die buurtwagstelsel is een voorbeeld van gemeenskapmisdaad-voorkomingsaktiwiteite met die klem op gemeenskapbewustheid en die instel van proaktiewe maatreëls om misdaad te voorkom of misdaadprobleme op te los.

Noem VYF buurtwagaktiwiteite. (5)

4.8 Noem DRIE sleutelverantwoordelikhede of funksies van die GPFs. (3)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

VRAAG 5

ONTVOERINGSBESKULDIGDE 'AANGERAND DEUR POLISIE'

'n Vrou en twee mans wat van die ontvoering van 'n Soweto-kleuter beskuldig word, het die hof ingelig dat die polisie hulle tydens arrestasie ernstig aangerand het. Nompilo Innocentia Mpanza, 31, wat die baba se oppasser was en een van haar medebeskuldigdes, Xolani Victor Ntshingila, 25, het die Protea Streekhof ingelig dat hulle ook mediese sorg geweier is nadat hulle aangerand is. Die twee, tesame met die derde medebeskuldige, Thokozani, is die naweek gearresteer weens die beweerde ontvoering verlede week van Siyabonga Mlambo, 14 maande, uit sy huis in Protea Glen. Die drie staar klagtes van ontvoering en roof met verswarende omstandighede in die gesig. Die baba is verlede Dinsdag tydens 'n gewapende rooftog by sy huis ontvoer. Hy is in Newcastle, KwaZulu-Natal gevind, waar die beskuldigdes gearresteer is. Hy is later met sy moeder herenig.

Toe die storie bekend geword het, is beweer dat hy deur twee beweerde rowers ontvoer is wat by sy huis ingebreek het, omdat sy pa, Tshepo Modubung, hul suster 'seergemaak' het. Ntshingila, wat regdeur hulle kort verskyning voor landdros Audry Mpofu in trane was, het van pyn gekla. 'Ek verduur pyn en is ernstig deur die polisie aangerand toe hulle ons gearresteer het. My ribbes en arms pyn en ek is nooit deur 'n dokter gesien nie,' het hy gesê terwyl hy trane van sy wange afgevee het. Mpanza het ook gekla dat die polisie haar hele lyf geslaan en geskop het Die saggeaare Mpofu het toe beveel dat die twee beskuldigdes 'n dokter moet spreek. Ntshingila het die hof ook vertel dat hy die verklaring wil regstel wat hy aan die polisie gemaak het. Hy het gesê dat sommige van die dinge wat hy gesê het waar was, maar dat ander vals was, omdat hy op daardie tydstip aangerand is. Mpofu het Ntshingila aangeraai om sy prokureur oor die kwessie in te lig en dat die prokureur dit in die hof moet opper. Thokozani het geswyg tydens die verrigtinge.

5.1 Noem VIER funksies van die komponent wat verantwoordelik is vir die arrestasie van die beskuldigdes. (4)

5.2 Noem die wet wat oor die prosedures handel wat die strafregsplegingstelsel moet volg wanneer 'n misdaad aangemeld is. (1)

5.3 Verduidelik die verantwoordelikhede van die Protea Streekhof ten opsigte van sy jurisdiksie met betrekking tot die misdaad, gevangenisstraf, die boete en siviele aangeleenthede. (8)

5.4 Mnr Xolani Victor Ntshingila het gekla dat hy deur die polisie aangerand is.

Noem die organisasie by wie mnr Ntshingila hieroor kan kla. (1)

Kopiereg voorbehou

5.5 Sedert Suid-Afrika 'n demokrasie met 'n Grondwet geword het, is die omstandighede vir wettige arrestasie drasties uitgebrei. Artikel 35(1) van die Grondwet verklaar duidelik die regte van die volgende:

- Gearresteerde persone
- Aangehoue persone
- Beskuldigde persone

Noem TWEE regte van elkeen van bogenoemde persone. (3 × 2) (6)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN van die volgende twee vrae.

VRAAG 6

In die strafregsplegingstelsel moet die rolspelers, die SAPD, NVG, DKD en die regbank behoorlik beplan om misdaad te voorkom en te verminder. Hulle moet ook hul optrede beplan wanneer misdade gepleeg is en wanneer oortreders na 'n gevangenis gestuur word.

Bespreek 'beplanning' as bestuursfunksie in besonderhede deur na die volgende opskrifte te verwys:

6.1 Definisie van beplanning (2)

6.2 Beplanningsproses (10)

6.3 Beperkings op beplanning (8)
[20]

OF

VRAAG 7

Die Departement Korrektiewe Dienste en die jong oortreder

Bespreek die Departement Korrektiewe Dienste se versekerde bewaring van jong oortreders met verwysing na die volgende opskrifte:

7.1 Die beginsels waarop dienste aan jong oortreders in die gevangenis gegrond word (16)

7.2 Die ouderdomsgroep waarin die Departement 'n persoon as 'n jong oortreder beskou (1)

7.3 Die tipe gevangenekategorie waarbinne die jong oortreders beskou word (3)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou